Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

Nuusbrief

PERSONEEL VERJAARSDAE

27 Januarie – Suzette Naude
31 Janaurie – C Nel

Geagte Ouers

UIT DIE KANTOOR

'n Hartlike welkom aan alle Goudini leerders, ouers en voogde. Dit is ons wens dat u werklik hierdie jaar 'n onvergeetlike Goudini-ervaring sal beleef en terselfdertyd wil ek u langs hierdie weg uitnooi om betrokke te raak by u kind en sy/haar skool.

Mag 2020 een van daardie jare wees waarop ons opreg trots gaan wees op ons skool en kinders en laat dit wat ons spreek altyd ander opbou, vertroos en bemoedig.

Groete!

NUWE OUERS

Baie welkom! Ons is saam met u opgewonde oor u seun/dogter se koms na Hoërskool Goudini. Mag u en u kind 'n lang en positiewe verbintenis met die Goudini-familie ervaar.

Dit is belangrik dat u kind so gou moontlik by die nuwe skoolomgewing inskakel. Dit behels beslis sekere uitdagings ten opsigte van aanpassing. Vir ons is dit baie belangrik dat u kind in sy/haar nuwe omgewing tuis en gelukkig moet voel, want alleen dan kan hy/sy sukses ervaar.

Ons versoek u om u kind en die skool in hierdie proses te ondersteun. Neem ook gerus die vrymoedigheid om die skool te kontak indien nodig.

MATRIEKS 2019

Baie geluk met julle goeie matriekuitslae. Goudini is trots op julle. Dankie aan al ons personeel vir julle harde werk en toewyding deur die jaar.

NOTAGELD

Notageld is 'n verpligte bedrag wat deur elke ouer betaal moet word, ongeag of u subsidie kry of nie. Ons wil 'n beroep doen op ouers om asseblief hul notageld te betaal.

HANDBOEKE / SKRYFBOEKE

Ons doen 'n beroep op ouers dat alle handboeke en skryfboeke aan die einde van die maand netjies oorgetrek sal wees. Baie dankie vir u samewrking in die verband.

KLEUREATLETIEK

Ons nooi almal uit om Hoërskool Goudini se jaarlikse kleureatletiek te kom ondersteun. Daar gaan vanaf 20 Januarie 2020 tot 22 Janaurie 2020 toegangkaartjies beskikbaar wees by Me Stofberg teen R5 per persoon (atlete betaal nie). Op die dag van die atletiek sal daar kaartjies by die hek teen R10 per persoon beskikbaar wees.

GEEN vorm van alkohol word op die sportgronde toegelaat nie en behou ons die reg voor, indien daar twyfel bestaan om u te vra om die sportgronde te verlaat.

PERSOONLIKE INLIGTING

Ons versoek dat alle ouers / voogde die skool in kennis stel indien enige inligting bv. telefoonnommers / adressse ens. verander.

SKOOLTYE

Graad R	07:25 – 12:00 (vanaf 15 Januarie tot 24 Januarie 2020)
Graad R	07:25 – 12:15 (vanaf 27 Januarie tot 2 Desember 2020)
Graad 1 - 3	07:25 – 13:15
Graad 4 - 12	07:25 – 13:50

SA JUNIOR SKAAKKAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan die 0.18 span wat 2de plek behaal het en aan die 0.16 span wat 1ste plek behaal het.

GYMKHANA

Hugo Jordaan, het tydens die vakansie aan die Suid-Afrikaanse Gymkhana Kampioenskappe op Beaufort-Wes deelgeneem. Hugo word gekies vir die 0/21 Proteaspan wat tydens 2020 aan 'n internasionale toets gaan deelneem. Hugo is die jongste ruiter wat vir die Proteaspan gekies is. Baie geluk Hugo, Goudini is trots op jou.

MUSIEK

Baie geluk aan Elle Thomson, wat musiek eksamen geskryf het en 95% behaal het vir gr 1 eksamen en 73% gr2 eksamen. Goudini is trots op jou.

SPORTPROGRAM

Vind hierby aangeheg die sportprogram wat vanaf 21 Januarie gevolg word.

KWARTAALPROGRAM

Vind hierby aangeheg die program vir die eerste kwartaal.

KLEREBANK

Die klerebank is op Maandae, Woensdae en Donderdae vanaf 07:30 tot 13:30 oop en Mev Stofberg is in beheer van die klerebank. Vind hierby aangeheg 'n pryslys.

Die uwe
A P HANEKOM
Skoolhoof
17 Januarie 2020

PRYSLYS TOT SEPTEMBER 2020
SPORTKLERE
PRYSE BTW INGESLUIT

GROOTTE	**SWEETPAKKE**		**SPORTHEMPIES**			**NETBAL**
	BAADJIES	**BROEKIE**	**DOGTERS**	**SEUNS**	**BROEKIE**	**ROMPIE**
5-6 jr	350	170	150	160	100	170
7-8 jr	355	175	155	165	105	175
9-10 jr	360	180	160	170	110	180
11-12 jr	365	185	165	175	115	185
13-14 jr	370	190	170	180	120	190
S	375	195	175	185	125	195
M	380	200	180	190	130	200
L	385	205	185	200	135	205
XL	395	215	195	205	140	220
XXL	400	225	210	215	150	230
WAPENS VIR TRUI	40					
RUGBYKOUSE	90					
SKOOLKOUSE	70					
TOKSAKKE	270					
LS KOUSE	60					
HS KOUSE	65					
DASSE	75/90					
GEEN VERKOPE OP SKULD						

SOMERSPORT VIR EERSTE KWARTAAL - VANAF MAANDAG, 21 JANUARIE 2020

SOMERSPORT		
MAANDAE		
	AFRIGTER	**TYD**
Atletiek	Naellope: M Smith	14:15-15:00
	Diskus: R du Toit	
	Gewigstoot: N Thiart	
	Langafstand: A van Zyl	
	Verspring: C van Heerden	
	Hoogspring: A Young	
	Spiesgooi: C Nel	
Mini-tennis	M de Lange	14:15-15:00
Tennis	J Kleinhans	14:15-15:45
Jukskei	B Hanekom	14:15-15:15
DINSDAE:		
HS Krieket	T Kleinhans	14:15-15:15
LS Krieket	T van Reenen	14:15-15:15
Mini-Krieket	J Viljoen en M Herzog	13:15-14:00
Balvaardighede Graad 1-3	A van Greunen	13:15-14:00
Skaak	J Steenkamp	14:15-15:15
WOENSDAE:		
Atletiek	Naellope: M Smith	14:15-15:00
	Diskus: R du Toit	
	Gewigstoot: N Thiart	
	Langafstand: A van Zyl	
	Verspring: C van Heerden	
	Hoogspring: A Young	
	Spiesgooi: C Nel	
Mini-tennis	M de Lange	14:15-15:00
Jukskei	B Hanekom	14:15-15:15
DONDERDAE:		
Tennis	J Kleinhans	14:15-15:45
Skaak	J Steenkamp	14:15-15:15
Mini-Krieket	J Viljoen en M Herzog	13:15-14:00
Balvaardighede Graad 1-3	A van Greunen	13:15-14:00
Krieket HS	T Kleinhans	14:15-15:15
Krieket LS	T van Reenen	14:15-15:15

1STE KWARTAALPROGRAM

Datum	Dag	Aktiwiteit
13/01/2020	Maandag	Skole heropen vir personeel.
15/01/2020	Woensdag	Skole heropen vir leerders.
16/01/2020	Donderdag	Inligtingsaand GR1 - 7
20/01/2020	Maandag	GR 1 – GR 2 Huiswerksessie (18:00)
21/01/2020	Dinsdag	GR R oueraand
22/01/2020	Woensdag	VRL opleiding (14:00 – 16:00)
24/01/2020	Vrydag	Goudini Atletiek
30/01/2020	Donderdag	5-hoek Atletiek (Tulbagh)
06/02/2020	Donderdag	GR 8 Oriëntering
07/02/2020	Vrydag	Markdag
	Vrydag	GR 8 VRL verkiesing
08/02/2020	Saterdag	Worcester sone atletiek LS / HS
15/02/2020	Saterdag	Worcester Kampioenskap atletiek LS
	Saterdag	Noord-Boland HS atletiek
	Saterdag	VRL uitstappie
21/02/2020	Vrydag	Markdag
22/02/2020	Saterdag	Noord-Boland atletiek LS
	Saterdag	Boland atletiek HS
	Saterdag	Mini-Krikiet Hexvallei
24/02/2020	Maandag	HS Oueraand
27/02/2020	Donderdag	LS fliekaand
29/02/2020	Saterdag	Boland atletiek LS
	Saterdag	Mini-Krieket FDC
	Saterdag	Netbal 0/19 Bosmandam
02/03/2020	Maandag	Tour of Good Hope
03/03/2020	Dinsdag	Tour of Good Hope
04/03/2020	Woensdag	Tour of Good Hope
05/03/2020	Donderdag	Kaskar
06/03/2020	Vrydag	GR R snoepie
07/03/2020	Saterdag	Wes-Kaap atletiek HS
13/03/2020	Vrydag	Markdag
14/03/2020	Saterdag	Goudini Sportdag 0/11 & 0/13
	Saterdag	Wes-Kaap atletiek LS
	Saterdag	SA atletiek HS
16/03/2020	Maandag	GR Uitstappie
18/03/2020	Woensdag	GSF oueraand
20/03/2020	Vrydag	Skole sluit
31/03/2020	Dinsdag	Skole begin